

DIE INVLOED VAN FISKALE- EN MONETÊRE MAATREËLS OP VOERDERYBEPLANNING EN -FINANSIERING IN SUID-AFRIKA

H A KOTZÉ & J M LAUBSCHER, Universiteit Oranje Vrystaat

Inleiding

Die huidige finansiële dilemma van die Suid-Afrikaanse landbou is die oorsaak van 'n veelheid van faktore, enkeles waarvan beslis verband hou met die fiskale- en monetêre beleid van die owerheid. Trouens, dit het droogtes van die omvang van dié van die afgelope paar jare gekos om ernstige strukturele gebreke in die landbou bloot te lê. Hierdie strukturele gebreke het eventueel geblyk gata te wees in die finansiële oorlewingsmondering van die Suid-Afrikaanse boer.

Alvorens daar egter vir doeleindes van hierdie referaat aandag gegee kan word aan die gevolge van fiskale- en monetêre maatreëls as sodanig, behoort daar egter eers kennis geneem te word van enkele belangrike verwickelings in die Suid-Afrikaanse landbou. Die volgende staan uit, naamlik:

- (i) Die bruto inkomste van die Suid-Afrikaanse landbou het gedurende 1984 toegeneem met nagenoeg 20 persent tot bykans R8 400 miljoen in vergelyking met 1983, maar die toename impliseer nie noodwendig 'n verbetering in die finansiële posisie van die landbou nie.
- (ii) Alhoewel netto boerdery inkomste gedurende 1984 met ongeveer 125 persent toegeneem het vanaf R740,4 miljoen in 1983 tot nagenoeg R1 700 miljoen in 1984 verteenwoordig dit nogtans 'n daling van 36 persent sedert 1981.
Laasgenoemde daling in die netto boerdery inkomste in beide reële sowel as monetêre terme plaas die verswakking in die reële finansiële posisie van die landbou en die gevolglike groter afhanklikheid van eksterne finansiering in 'n besondere delikate situasie (Suid-Afrikaanse Landbou-unie Dok. 56/85).
- (iii) 'n Hoë inflasiekoers sedert 1975 en die gevolglike kosteknyptangeffek word weerspieël deur die feit dat 'n steeds groter deel van bruto boerdery inkomste aangewend moes word vir die aanskaf van produksiemiddele. So byvoorbeeld het die besteding op intermediêre goedere en dienste in 1984 sowat 44 persent van die bruto boerdery inkomste beloop, teenoor die 32 persent van 1975.
- (iv) Rentekoste as persentasie van bruto boerdery inkomste het vanaf 4,8 persent in 1975 toegeneem tot 15,5 persent in 1984 (Suid-Afrikaanse Landbou-unie, Dok. 56/85).

Bogenoemde is dan enkele van die baie kenmerke van die huidige finansiële situasie van die Suid-Afrikaanse

landbou. Kortom, die droogte van die afgelope paar jare het bygedra tot die onvermoë van die landbou om sy skuld op aanvaarbare vlakke te hou. Laasgenoemde was na bewering die gevolg van die kosteknyptang in die landbou, waar die tempo van styging in die koste van die insette veel vinniger was as die tempo waarteen die produsentepryse toegeneem het, met die gevolg dat insetkoste ongekende hoë vlakke bereik het.

Hierdie tendens het weer aanleiding daartoe gegee dat daar toenemend van eksterne finansiering gebruik gemaak moes word om die groter besteding aan insette moontlik te maak. Nodeloos om te sê dat die geweldige toename in die rentekoerse sedert 1981 as 'n ware die laaste strooi was. Wat verder ook opgeval het, was die oënskynlike onvermoë van die boer om self finansiël te kan oorleef. Andersyds duik die vraag ook onwillekeurig op of die owerheid nie vroeër en meer hulp kon verleen het om ten minste die tempo van finansiële agteruitgang te stuit nie?

Dit is dan met verwysing na die rol wat die Staat via fiskale- en monetêre maatreëls kan speel wat hierdie referaat die volgende as uitgangspunt gaan hê, en wel in die nou beroemde woorde van John F. Kennedy:

"Our task is not to fix the blame for the past, but to fix the course for the future."

Vervolgens enkele gedagtes oor wat presies bedoel word met fiskale- en monetêre maatreëls.

Fiskale- en monetêre beleidsmaatreëls — 'n begripsomskrywing

Nasionale ekonomiese beleidsinstrumente word vandag algemeen gebruik deur owerhede om groei in die ekonomie te demp of te stimuleer. Basiese doelwitte van 'n owerheid kan tegnies herlei word om met onderstaande en verwante sake te handel. Tipiese beleidsmikpunte vir die ekonomie in die geheel kan die volgende wees:

- (i) om die produksie van goedere en dienste te verhoog;
- (ii) om werksgeleenthede te verskaf vir almal wat bereid en in staat is daartoe;
- (iii) om pryse te stabiliseer sonder onnodige inflasie of deflasie;
- (iv) om besluitneming in die ekonomie so vry moontlik te hou, en
- (v) om die inkomste so regverdig moontlik tussen al die deelnemers te verdeel.

Die bevrediging van bogenoemde doelwitte is in terme van prioriteitsbepaling omtrent net ondergeskik aan die

doel om die veiligheid van die land te waarborg. Binne hierdie raamwerk word die beleid dan per bepaalde sektor verder verfyn.^(a)

Belangrik egter is dat die basiese hulpmiddele (Engels "tools") tot die beskikking van die beleidmakers ten einde die ekonomie te kan stuur op die beplande weg, te doen het met die beheer van die geldvoorraad (monetêre beleid) en Owerheidsbesteding en belasting (fiskale beleid).

Monetêre beleid

Hierdie stel beleidsmaatreëls verwys na die stappe van die owerheid wat gerig is op die beheer van die voorraad geld ten einde die ekonomiese aktiwiteite te kan beheer. Die primêre impak hiervan is op die hoeveelheid geld beskikbaar in die ekonomie (dit wil sê die voorraad geld wat banke kan uitleen) en die vlak van rentekoerse.

Basiese bestaan daar die volgende hulpmiddele met behulp waarvan die sentrale bank sy monetêre beleid kan uitvoer:

- (i) veranderings in minimum reserwevereistes waarvolgens 'n verhoging in die minimum reserwe nuwe lenings en beleggings ontmoedig;
- (ii) veranderings in die diskontokoers waarvolgens 'n verhoging in die diskontokoers onnodige besighheidsuitbreidings sal inkort;
- (iii) opemarktransaksies behels die toetrede tot die geldmark waar die koop (verkoop) van staatseffekte die hoeveelheid geld vermeerder (verminder) met gevolglike daling (styging) in die rentekoerse;
- (iv) selektiewe kredietbeheermaatreëls waarvolgens 'n minimum terugbetalingstermyn op byvoorbeeld huurkope vasgestel word, ensovoorts;
- (v) morele invloed waar daar vanaf owerheidsweë beroepe gedoen word op die publiek om meer te spaar.^(a) (Schumann e.a.; pp 457-467).

Fiskale beleid

Hierdie faset van die finansieële beleidspakket behels die vermoë van 'n regering om deur sy belasting- en/of

- (a) In hierdie verband word daar verwys na die *Witskrif oor die Landboubeleid van die RSA* en 'n soorgelyke Witskrif wat vir geheel die ekonomie die ekonomie in vooruitsig gestel word (*Finansies en Tegniek*, Februarie 1985; Jaargang 37/2).
- (a) Vergelyk die onlangse begrotingsrede van die Minister van Finansies met betrekking tot die besteding van die landbou op vaste verbeterings, ens. (*Finansies en Tegniek*, April 1985)

bestedingsbeleid die algemene vlak van ekonomiese aktiwiteite te beheer of ten minste te beïnvloed. Normaalweg is die primêre doel met fiskale beleidsmaatreëls om die totale vraag in die ekonomie te beïnvloed en drie belangrike hulpmiddele in hierdie verband is die volgende:

- (i) die belastingbeleid is spesifiek ingestel op die verkryging van inkomste vir die bevrediging van Owerheidsdoelwitte. Dit behels egter veel meer as die blote verhoging van belasting om die Staatskas voller te maak. Vanweë die belangrikheid van belasting op alle vlakke van die privaat- en sakelewe is dit ook 'n vername hulpmiddel aan die hand waarvan ekonomiese aktiwiteite aangemoedig of ontmoedig kan word. So byvoorbeeld kan sekere belastingvoordele soos dié ten opsigte van grensnywerhede belangrik wees vir die deurvoering van die Regering se desentralisasiebeleid. Tereg ook, die landbou se aanspraak op hierdie voordele waar sodanige landbouwerwante nywerhede in grens- of groeigebiede geleë is. Alternatiewelik wys die pleidooi vir die hersiening van Suid-Afrika se boedelbelastingbeleid op 'n moontlike betekenisvolle verband tussen erflatingspraktyke en die benutting van landbougrond;
- (ii) die vlak van regeringsuitgawes het 'n beduidende invloed op die vlak van ekonomiese aktiwiteit in bepaalde sektore. Sy byvoorbeeld mag die omvang van welvaartsuitgawes tydens tydperke van hoë inflasie die geldbronne van 'n land ernstig onder druk plaas, sou sulke hulpprogramme aan 'n bepaalde indeks gekoppel wees. Regeringsuitgawes het 'n geneigdheid om vinnig te styg en vir baie jare was daar 'n gebrek aan amptelike norme of doelwitte in hierdie verband;
- (iii) die wyse waarop die owerheid tekorte finansier het 'n betekenisvolle invloed op die geldvoorraad. Die ideaal is 'n gebalanseerde begroting, maar word die minimum kere bereik. Wanneer die Staat op die geldmark moet meeding om 'n skaars geldvoorraad is dit te verwagte dat die koste daarvan (dus die rentekoerse) moet toeneem (Knutson, e.a.).^(a) Ten

(a) Die geïnteresseerde leser word verwys na die volgende bronne vir duideliker voorbeelde in hierdie verband:

- (i) Horwood, O.P.F. "Die huidige fiskale- en monetêre beleid in Suid-Afrika". *Die Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Ekonomie*, Vol. 48(4) Desember 1980.
- (ii) De Kock, Gerhard "The New South African Cycle and its implications for Monetary Policy". *Die Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Ekonomie*, Vol. 48(4) Desember 1980.
- (iii) Botha, D.J.J. "Die Minister en die Ekonomie". *Die Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Ekonomie*, Vol. 49(1) Maart 1981.

slotte is dit belangrik dat die sukses van die ekonomiese beleid van enige regering primêr afhang van 'n kombinasie van monetêre- en fiskale maatreëls en bestaan daar uiteraard wyd uiteenlopende sieninge omtrent die regte suksesresep. (Knutson, e.a.; pp 368-369; Penson en Lins, Hoofstuk 17).

Gegewe bogenoemde breë klassifikasie van wat primêr bedoel word met onderskeidelik fiskale- en monetêre beleidsmaatreëls van 'n owerheid, is die logiese verdere stap om die impak daarvan op die landbou te ontleed. Laasgenoemde gaan dan vir doeleindes van hierdie referaat ontleed word deur te verwys na die invloed daarvan op die uitvoervraag, die binnelandse vraag, die aanbod van landbouprodukte en ook die koste van insette en laastens belegging in die landbou.

Die invloed van monetêre- en fiskale maatreëls op die landbou

Die Suid-Afrikaanse landbou bevind homself midde 'n tydperk waar die hele Suid-Afrikaanse volkshuishouding drastiese veranderings ondergaan.

Die eise van die tyd dikteer dat daar voortdurend binne die breëre mikpunte aanpassings gemaak moet word ten einde die landbou 'n selfstandige en finansiële gesonde bedryf te maak. In hierdie opsig bestaan daar dus bykans geen plek vir ad hoc maatreëls nie. Landbou het vanweë die omvang van sy insette en uitsette 'n inslag wat verder strek as bloot net die boer, die platteland en sekondêre bedrywe as afnemers van landbouprodukte — dit raak die welstand van geheel die ekonomie (*Witskrif*, 1984). Andersyds het die besondere uitvoergeneigdheid van die landbou tesame met sy tradisionele lae invoergeneigdheid nog altyd die sektor in staat gestel om "deur middel van 'n normale landboujaar ondersteuning aan 'n ewewigsposisie op die lopende rekening van die betalingsbalans te verleen". (Suid-Afrikaanse Landbou-unie, Dok. 56/85).

Die buitelandse vraag na landbouprodukte

Die vermoë van 'n ekonomie om wins te behaal uit sy uitvoere word vergroot namate die wisselkoers van so 'n land se geldeenheid laag is of daal. Landbou word by uitstek bevoordeel ten tye van lae waardes van die Rand oorsee. So byvoorbeeld sal 'n lae Rand-/Dollar wisselkoers aanleiding gee tot 'n groter vraag na die Suid-Afrikaanse produk. Ongelukkig word die ekonomiese beleid van 'n land ten tye van 'n swak wisselkoers ook gekenmerk deur hoë inflasie en 'n groeiende geldvoorraad tesame met lae reële rentekoerse^(a) tensy die Staat tussenbeide tree met korrektiewe maatreëls soos weerspieël in die verskerpte monetêre beleid sedert Augustus 1984.

(a) Per definisie is dit gelyk aan die nominale rentekoers minus die inflasiekoers.

Ten tye van hoë inflasie binnelands en 'n lae wisselkoers is dit net uitvoergerigte sektore van die ekonomie wat inderdaad bevoordeel word. Die negatiewe gevolge van daardie bedrywe wat nie kan uitvoer nie is vernietigend. Sonder om op meer besonderhede in te gaan is dit dus te verstaan dat die klem van die ekonomiese beleid van die Suid-Afrikaanse Regering tans val op die bekampings van owerheidsuitgawes, hoër rentekoerse en 'n stadiger toename in die geldvoorraad eerder as die eertydse beleid van "groei uit krag" met gepaardgaande vraaggeleide ekonomiese groei (Horwoord, Desember 1980; Barclays Nasionale Bank Beperk, *Sakebrief*, Februarie 1985).

Belangrik egter is om in gedagte te hou dat skommelende wisselkoerse geen plaasvervanger is "vir noodsaaklike deflasies en reflasies deur middel van monetêre- en fiskale beheermaatreëls van die totale binnelandse vraag om onewewigtighede in die ekonomie of in die betalingsbalansposisie teweeg te bring nie". (Barclays Nasionale Bank Beperk, *Sakebrief*, Desember 1984).

Die dalende Rand is vet op die vuur van binnelandse inflasie vir gevalle waar insette hoofsaaklik ingevoer moet word.

Die binnelandse vraag na landbouprodukte

Beide fiskale- en monetêre maatreëls beïnvloed die binnelandse vraag as gevolg van hul invloed op geheel die ekonomie. Ten tye van 'n sterk ekonomie styg inkomste met 'n gevolglike toename in besteding op veral daardie produkte waarvan die hulpbronnabasis in die hoër gehalte-kategorie is, soos byvoorbeeld beesvleis, groente en vrugte, ensovoorts. Enige fiskale- en monetêre beleidsmaatreëls wat byvoorbeeld resulteer in 'n resessie sal noodwendig vraagneerdrukkende gevolge binnelands hê. Die mate waartoe die verbruiker sy verbruikerspatroon verander wanneer sy besteebare inkomste verander, is moeilik voorspelbaar, behalwe vir die kenmerk dat hy eerste op sogenaamde luukse voedselprodukte sny en sal primêr afhang van die inkomste-elastisiteit^(a) van die vraag. Nie alleen sal daar kwantitatief veranderings kom in hoeveelheid gevra nie, maar ook besliste kwalitatiewe veranderings (*Finansies en Tegniek*, Desember 1984).

So byvoorbeeld het die byna periodieke styging in verbandrentekoerse op huislenings net eenvoudig tot gevolg dat daar minder maandeliks beskikbaar is om op ander produkte te spandeer. Belangrik egter is die feit dat 'n Rand op voedsel spandeer beteken dat daar 'n Rand minder beskikbaar is vir die verbruiker om maar net sy lewensstandaard in stand te hou (*Standard Bank Oorsig*, Maart 1985).

(a) Dit kan omskryf word as die persentasie verandering in die hoeveelheid gevra in reaksie op 'n verandering in inkomste.

Andersyds kan 'n besnoëling in hulpprogramme deur 'n regering om mindergegoedes se dieët te verbeter soos byvoorbeeld die subsidie op brood, verreikende veranderinge in die verbruikerspatroon tot gevolg hê. Sekondêre gevolge kan wees die herallokasie van hulpbronne op plaasvlak.

Die impak van fiskale- en monetêre maatreëls op aanbod verwantskappe in die landbou

Een van die mees dramatiese gevolge van 'n beleid wat inflasie nie effektief kan beheer nie, is die reekse kosteverhogings wat voorkom.

Die Suid-Afrikaanse boer moet toenemend uitgawes aangaan om maar net dieselfde vlak van bruto inkomste te handhaaf. Hierdie situasie dui op die baie bekende kosteknyptang waarvolgens die tempo van styging in die koste van insette baie vinniger was as dié van produsentepryse. Met 1975 as basis het die pryse van boerderybenodighede met nagenoeg 231 persent toegeneem tot 1984 terwyl produsentepryse toegeneem het met slegs 179 persent oor dieselfde tydperk (*Kortbegrip van Landboustatistiek*, 1985). Hierdie onewewigtigheid het die ruilvoetverhouding dus teen die landbou laat ontwikkel. Laasgenoemde geld vir produsentepryse in die geheel sowel as vir die vernaamste bedryfsgroepe (Kyk Tabel 1).

TABEL 1. Veranderinge in die prysindekse van produsentepryse, boerderybenodighede en die ruilvoetverhouding*

| Jaar | Gekombineerd | Produsentepryse | | | Boerderybenodighede | Ruilvoet | | | |
|---------------------|--------------|-----------------|---------|----------|---------------------|----------|------|------|------|
| | | Akkerbou | Tuinbou | Veeteelt | | 2/5 | 3/5 | 4/5 | 1/5 |
| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 |
| 1975 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 1 | 1 | 1 | 1 |
| 1976 | 109,4 | 107,7 | 101,3 | 113,2 | 115,6 | 0,93 | 0,88 | 0,98 | 0,95 |
| 1977 | 119,3 | 118,4 | 116,9 | 130,3 | 0,92 | 0,91 | 0,90 | 0,92 | |
| 1978 | 126,9 | 126,7 | 123,0 | 125,3 | 147,9 | 0,86 | 0,83 | 0,85 | 0,86 |
| 1979 | 151,0 | 155,6 | 141,3 | 144,9 | 178,3 | 0,87 | 0,79 | 0,81 | 0,85 |
| 1980 | 178,3 | 184,6 | 156,7 | 174,6 | 207,4 | 0,80 | 0,76 | 0,84 | 0,86 |
| 1981 | 200,8 | 195,6 | 163,6 | 223,1 | 230,2 | 0,85 | 0,71 | 0,97 | 0,87 |
| 1982 | 224,4 | 226,3 | 190,0 | 238,5 | 270,9 | 0,84 | 0,70 | 0,88 | 0,94 |
| 1983 | 251,8 | 276,3 | 201,0 | 247,5 | 308,5 | 0,90 | 0,65 | 0,80 | 0,82 |
| 1984 | 278,7 | 309,6 | 195,8 | 282,1 | 330,8 | 0,94 | 0,59 | 0,85 | 0,84 |
| % Styging 1975-1984 | 178,7% | 209,6% | 95,8% | 182,1% | 230,8% | — | — | — | — |

Bronne: Suid-Afrikaanse Landbou-unie, Dok. 56/85; *Kortbegrip van Landboustatistiek*, 1985.

Uit bogenoemde tabel kan daar dus afgelei word dat die ruilvoet konstant verswak het gedurende die periode 1975 tot 1983 met 'n marginale verbetering in 1984.

Die onlangse drastiese verhouding in brandstofpryse van 30 persent vir die landbou, sal eers in die prysindekse vir April 1985 en later weerspieël word.^(a) Die nagevolge hiervan en veral in terme van verskeie prysaanpassings wat nog tot op verbruikersvlak moet deurwerk, skep inderdaad 'n donker prentjie vorentoe wat inflasie aanbetref. Trouens die impak van inflasie soos gemeet aan die veranderinge in die verbruikersprysindekse kan nouliks beter voorgestel word as in Tabel 2 waar die verandering in koopkrag jaarliks vanaf 1975 tot 1984 bereken is.

(a) Die Prysindexe vir Boerderybenodighede word kwartaalliks saamgestel.

TABEL 2. Verandering in die koopkrag met veranderende basisjare

| | | | | | |
|------|-----|-----|-----|-----|-----|
| 1975 | 100 | — | — | — | — |
| 1980 | 57 | 100 | — | — | — |
| 1981 | 49 | 86 | 100 | — | — |
| 1982 | 43 | 76 | 87 | 100 | — |
| 1983 | 38 | 67 | 78 | 89 | 100 |
| 1984 | 34 | 60 | 69 | 80 | 90 |

Bron: Volkskas, *Ekonomiese Soeklig*, Februarie 1985.

Die twee persent verhoging in die algemene verkoopbelasting (AVB) wat in die Maart-begroting aangekondig is tesame met hoër doane- en aksynsregte op sekere artikels behoort inflasie op verbruikersvlak met een persent te laat toeneem (*Sanlam Ekonomiese Oorsig*, Maart 1985).

Inflasie en die gepaardgaande ekonomiese medisyne om dit te bekamp sal dus vanuit die oogpunt van die impak van fiskale- en monetêre maatreëls deeglike invloed hê op die landbou.

Andersyds kan fiskale beleidsmaatreëls ook 'n besliste invloed uitoefen op die aanwending van hulpbronne in die landbou. Wanneer ekonomiese omstandighede die owerheid noodsaak om byvoorbeeld subsidies te verminder, begin dit gewoonlik by subsidies op byvoorbeeld bewaringswerke, ensovoorts. Waar staatsbetrokkenheid alhier gerig is op die bewaring van die produksiepotensiaal vir die nageslag, kan 'n onttrekking van staatshulp lei tot die vertering van die vervangbare bates ter wille van korttermyn finansiële doelwitte. So byvoorbeeld moet dit vir 'n veeboer moontlik wees om met behulp van 'n subsidie oorbeweide veld vir 'n voorgeskrewe tydperk aan produksie te onttrek.

Fiskale- en monetêre maatreëls en die invloed daarvan op belegging in die landbou

Kapitale belegging in die landbou hang ten nouste af van die inflasiekoers en die belastingbeleid van die Regering.

Louw (Februarie, 1985) beweer tereg dat daar in goeie landboujare 'n gebrek aan aansporingsmaatreëls was vir die boer om kontantreserwes op te bou. Hierdie leemte word ook eksplisied uitgewys in die onlangse begroting. In hierdie verband is dit opgedra aan die Margo-kommissie wat die belastingstruktuur van Suid-Afrika ondersoek om onder andere in te gaan op metodes waarvolgens die stelsel van landboufinansiering hersien kan word en ook ten opsigte van die moontlike daarstelling van 'n stelsel van reserwefondse vir boere (*Finansies en Tegniek*, April 1985). Huidige hulpmiddele waarvolgens die wisselvalligheid in weersomstandighede en gevolglik ook die skommeling in bruto inkomste van boere belastinggewys akkommodeer kan word, is allerweë as ontoereikend uitgewys. Dit is vandag algemene kennis dat die aftrekbaarheid van inkomstebelasting van sekere kapitaalgoedere soos trekkers en implemente gelei het tot verkeerde finansieringsmetodes, ensovoorts. Andersyds was die sogenaamde grondinflasie (of anders gestel, die tempo waarteen die pryse van landbougrond gestyg het) soveel hoër as algemene rentekoerse, dat boere in grond belê het. Enersyds was die doel om met verloop van tyd die appresiasie te benut omdat sodanige winste belastingvry is, terwyl hy aan die ander kant rentegewys nie tot normale spaar aangemoedig is nie. Hierdie aanleentheid behoeft spoedeisende aandag vanuit 'n fiskale oogpunt, want boere se tradisionele afkeur aan die betaling van inkomstebelasting het heel waarskynlik aanleiding gegee tot oormatige beleggings in masjinerie, ensovoorts.

Verwagte toekomstige veranderings in die fiskale- en monetêre beleid en die verantwoordelikheid van die boer

Die agelope droogtes was uiteraard 'n faktor buite die beheer van die meeste boere omdat dit in die meeste saagebiede betreklik laat in die produksieseisoen voorgekom het. Onvoorspelbare klimaatstoestande maak dit haas onmoontlik om optimum produksievlakke te handhaaf, al sou die aanvanklike beplanning van baie produsente ook hoe goed wees.

Andersyds is daar by die Regering baie begrip vir gevolge van hierdie rampdroogtetoestande en is die hand diep in die Tesourie se sak gestee. So byvoorbeeld het verskeie vorme van subsidies (uitgesonderd voedselsubsidies) gedurende die 1984/85 boekjaar R447 miljoen beloop (*Finansies en Tegniek*, April 1985). Die verklarende beleid van die Owerheid word as volg deur die Minister van Finansies gestel, naamlik:

“Die blywende oplossing vir die probleme van die landbou, uitgesonderd klimaatstoestande, lê egter duidelik nie in toekennings en subsidies nie, maar in die strewe en dryfkrag van elke produsent om sy sake op gesonde boerdery- en finansieringsbeginsels te bedryf en in die opstrede van die Owerhede om die nodige omstandighede en geleenthede hiervoor te skep” (*Finansies en Tegniek*, April 1985).

Louw (Februarie 1985) voer dit verder en stel die verwagte toekomstige rol van die Staat as volg:

- (i) die Staat kan dit nouliks bekostig om vanuit 'n fiskale- en monetêre beleidsoogpunt verder te help;
- (ii) fiskale- en monetêre beleidsmaatreëls van die Staat behoort egter ten doel te hê om die landbou so finansieel besond en selfstandig as moontlik te maak;
- (iii) toekomstige hulpmiddele behoort drastiese kontrolemaatreëls vanaf die Owerheid soos byvoorbeeld drakragvoorskifte ensovoorts, in te sluit.

Hieruit behoort dit duidelik te wees dat ook vir die produsent op die plaas finansiële beplanning en dissipline die wagwoord in die toekoms gaan wees. Boere sal in die toekoms minder afhanklik van hulp vanaf die Staat moet word en moet leer om goeie en swak jare self te hanteer. In hierdie verband sal kredietbestuur 'n noodsaaklike onderdeel van sy totale bestuursmondering moet word. Die boer sal behoorlik moet kan begroot en sy boerdery volgens die potensiaal daarvan moet bedryf. In hierdie verband is grondontledings en behoorlike klassifikasie van gronde onontbeerlik vir die ontwikkeling van optimum produksiestandaarde. Krediet aan die landbou het skaars en duur geword en noodsaak gevolglik die oordeelkundige aanwending daarvan. Enige kapitaaluitgawes op die plaas behoort slegs vir produktiewe doeleindes aangewend te word en

sal die afskrywing daarvan vir belastingdoeleindes nie die oorweging kan wees nie. Laastens is dit ook net billik dat die boer kan uitsien na groter samewerking tussen sy vernaamste kredietverskaffers ten einde die daarstelling van 'n optimum finansieringspakket vir sy plaas moontlik te maak.

Samevattend

Daar is in die beperkte tyd gepoog om die invloed van die fiskale- en monetêre maatreëls van die Staat op finansiële beplanning en -bestuur in die landbou uit te wys. Hieruit het dit duidelik geblyk dat daar deur bepaalde veranderings in die beleid gedurende die jongste jare sekere strukturele aanpassings in die landbou mag volg. Die belangrikste is die impak van weghol-inflasie wat tesame met swak landboujare die grootste gedeelte van die boere finansiël in die knyp het. Andersyds is aangetoon hoe die uitwerking van fiskale- en monetêre beleid op die vraag na landbouprodukte landbou se posisie nie verbeter het nie. Andersyds sou die bekende lae vlakke van pryselastisiteit van vraag en aanbod onwenslike pryskommelings tot gevolg gehad het, sou dit nie wees dat die stelsel van beheerde bemerking in hierdie verband prysstabiliteit bevorder het nie.

Dit is die verklaarde beleid van die Staat om waar moontlik, te privatiseer en hierdie verwikkeling is reeds oorgedra na die landbou en wel tot die mate waartoe markverwante rentekoerse betaal moet word. Die verdere verwagting is dat die groter blootstelling van landbouprodusente aan 'n vryer mark, hom noodwendig gaan dwing tot markverwante produksiebesluite. Al hierdie verwikkelinge gaan nuwe uitdagings stel aan die bestuursmondering van die moderne boer en veral hoë eise stel aan boerderybeplanning.

Verwysings

ANONIEM, 1984. Rentekoerse se rol moeilik bepaal, *Finansies en Tegniek*, 36(12) Desember.

- ANONIEM, 1985. Ingrypende Witskrif vir S.A. *Ekonomie, Finansies en Tegniek*, 37(2), Februarie.
- BARCLAYS NASIONALE BANK BEPERK, 1984. Ekonomiese Afdeling, *Sakebrief*, Desember.
- BARCLAYS NASIONALE BANK BEPERK, 1985. Ekonomiese Afdeling. *Sakebrief*, Februarie.
- BOTHA, D.J.J., 1981. "Die Minister en die Ekonomie", *Die Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Ekonomie*, 49(1), Maart.
- DE KOCK, G., 1980. The New South African Business Cycle and its Implications for Monetary Policy, *Die Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Ekonomie*, 48(4), Desember.
- DU PLESSIS, B., 1985. Begroting '85, *Finansies en Tegniek, Spesiale Bylae*, April.
- HORWOOD, O.P.F., 1980. Die Huidige Fiskale- en Monetêre Beleid in Suid-Afrika, *Die Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Ekonomie*, 48(4), Desember.
- KNUTSON, R.D., J.B. PENN en W.T. BOEHM, 1983. *Agricultural and Food Policy*, Prentice-Hall Uitgewers, Englewood Cliffs, New Jersey.
- LOUW, A., 1985. Die finansiële toestand van die landbou, *Ekonomiese Soeklig*. Die Ekonomiese Afdeling, Volkskas Beperk.
- PENSON J.B. (Jnr.) & D.A. LINS, 1980. *Agricultural Finance and introduction to micro and macro concepts*, Prentice-Hall Uitgewers, Englewood Cliffs, New Jersey.
- REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA, 1984. Witskrif oor die Landboubeleid van die Republiek van Suid-Afrika, Staatsdrukker Pretoria, WPM-84.
- REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA, 1985. Direkoraat Landbou-ekonomiese Tendense, *Kortbegrip van Landboustatistiek*.
- SANLAM, 1985. Afdeling Ekonomiese Navorsing, *Ekonomiese Oorsig*, Maart.
- SCHUMANN, C.G.W., D.G. FRANZEN & G. DE KOCK, 1957. *Ekonomie 'n inleidende studie*, Universitas Uitgewers (Edms) Beperk, Stellenbosch.
- STANDARD BANK BELEGGINGSKORPORASIE BEPERK, 1985. Ekonomiese Navorsingsafdeling, *Standard Bank Oorsig*, Maart.
- SUID-AFRIKAANSE LANDBOU-UNIE, Oorsig van die Ekonomie en die Landbou, Dok. 56/85.